


Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Nr. 139



VAKANSIE — GOD PRAAT MET JOU

EK hoor dat jy sê dat jy moeg gewerk is hier teen die einde van die jaar. 'n Gevoel en begeerte om nou weer een slag goed weg te breek, oorweldig jou elke paar dae hier na die einde van die jaar se kant toe. Die datum om jou motor te versien is reeds vasgestel. 'n Jaar gelede is 'n woonstel aan die kus al bespreek. En nou is jy in die peilvak. Dalk nog net die kinders se eksamen wat afgehandel moet word — en dan: Vakansie!

Laat ek dadelik aan jou sê: Ek gun jou hierdie vakansie omdat jy 'n man is wat deur die jaar jou deel doen. Vir die dinge wat jy bereik het, het jy hard gewerk. Die lewe het jou goed behandel en jy het geen gebrek nie.

Sê my: Het jy al nagedink oor wat die doel van vakansie is? Beteken vakansie maar net om op die sand te lê en kilogramme gewig op te tel? Of beteken dit net vleisbraai en geniet wat te geniet is?

Oor die dieper vlak van vakansie hou, wil ek graag met jou gesels. Aan jou wil ek sê dat die Here ook alles te doen het met jou vakansie en met dit wat op jou vakansie gebeur.

Jy betwyfel dit?

Goed, bloot die feit dat jy jou vakansie mag begin, het alles met die Here te doen. Waar kry jy geld en werk en krag om voorsiening te maak vir vakansie? Waar kry jy gesondheid om jou motor te bestuur en jou vakansie te geniet?

Tog gaan die saak van jou vakansie nog dieper. God gee ook aan jou hierdie tydperk van rus om na te dink. God wil hê dat jy jou gedagte moet laat teruggaan tot Desember verlede jaar toe jy ook met vakansie gegaan het. Wat het God in hierdie tydperk tussen jou vakansies nie alles aan jou gegee nie?

Jy kan dit nie so insien nie?

Jy sien dit wat jy bereik het net in terme van jou harde werk en doelgerigtheid?

Kan God nie dalk 'n baie harder metode as 'n vakansie gebruik om jou tot nadenke oor sy goedheid te bring nie?

Sê nou jy kry 'n hartaanval en moet vir 'n paar maande lewe op slaaiblaar en afgewaterde kos?

Sê nou God neem jou vrou vir wie jy so lief is van jou weg, op hierdie vakansie?

Sê nou een van jou begaafde kinders word dodelik siek hierdie vakansie?

Daarom is vakansietyd genadetyd.

Vakansietyd is 'n tyd waarin God met jou wil praat. Jy kan nou sy stem so-veel duideliker hoor as wanneer jy gejaag word deur die horlosie en jou afspraak-boek.

As jy so na die onrustige branders kyk, dan wil God hê dat jy moet weet: Één het dit geskep en hou dit in stand — God. As die wit skuimwater sissend terugtrek en duisende ligborreltjies laat glinster op die sand, dan is dit deel van 'n simfonie: God is groot.

As jy na al hierdie dinge kyk tydens jou vakansie ... onthou: God wil Homself nog véél duideliker aan jou bekend maak in sy Woord.

God wil hê dat jy hierdie vakansie sy Woord sal oopmaak en lees ... en dan eers sal jy die wonder van die see en die sterre en die wind verstaan.

Dan sal jy verstaan dat Christus ook hierdie aarde kom verlos het van die vloek van jou en my sonde.

As jy God se stem só kan hoor. . . is jou vakansie sinvol.

— Cassie Venter

GELOFTEDAG — 1978

GELOFTEDAG val vanjaar op 'n Saterdag, maar daar sal weer soos in die verlede geloftedienste op dié dag gehou word.

Wat is, geagte leser, u beplanning vanjaar vir 16 Desember?

Wanneer het u laas hierdie volksfees bygewoon?

Of is u een van die wat altyd oor „grondige” verskonings beskik?

AGTERGROND

Nooit mag ons vergeet hoe die Voortrekkers vol verwagting die wawiele uit die Kaap laat rol het, maar hulle spoedig daarna in 'n worsteling om voortbestaan bevind het nie. Na verskeie uitwissings, maar veral na die koelbloedige en verraderlike moorde op Piet Retief en sy kommando, het die Boere hulle letterlik in die laaste loopgraaf aan die walle van die Bloedrivier bevind. In hulle nood het hulle onbeskaamd tot God geroep en 'n dure gelofte in geloof voor Hom afgelê wat wonderbaarlik verhoor is.

Ons durf nooit hierdie unieke gebeurtenis en gelofte aan die vergetelheid prysgee nie. Juis te meer omdat 'n belofte ook 'n ander kant het, nl. die betaling daarvan in dankbaarheidsdade vir die verkreeë verlossing.

VERSUIMING

Die geskiedenisboeke verhaal dat ons „vrome” vaders vir etlike dekades versuim het om die gelofte gestand te doen. Teen die einde van die vorige eeu was 16 Desember 'n dag soos enige ander. Was dit miskien een van die redes waarom hulle, hulle vryheid moes inboet in 1902 ?

BEDREIGING TEENSWOORDIG

Ons staan nie soos die Voortrekkers in 1838 voor 'n onmiddellike bedreiging nie, maar as die duiwelse aanslag uit alle oorde en ons totale isolasie in ag geneem word, sal u sekerlik toegee dat die bedreiging teenswoordig veel intenser en op die lang duur veel gevaarliker en hewiger is. Die blatante kommunistiese indringing; die terroriste met huile verwaande eise; 'n ontwakende Afrikarevolusie en 'n plofbare binnelandse situasie, is genoeg bewyse hiervan. Voeg hierby 'n vyandige Westerse wêreld, 'n venynige W.R.K. en 'n giftige en innerlike Amerikaanse-administrasie — wat almal met niks meer tevrede sal wees as om ons ondergang te soek nie.

Het u uself al afgevra waarom ons so totaal geïsoleerd is en bedreig word?

Meen u dat ons, ons hande hieroor in onskuld kan was?

OPSKERPING

Laat my toe om u oor hierdie uiters belangrike saak op te skerp: Versuim tog nie om jaariiks hierdie groot historiese mylpaal met sy gelofte in herinnering te roep nie

Beplan vroeg vooruit en sorg dat u en u huis 'n feesviering êrens sal bywoon

Nooi ander saam en huiwer nie om u medeAfrikaner hieroor te berispe nie

Doen dit uit liefde vir u volk en u vaderland. Doen dit veral ook omdat ons as volk dit aan ons troue God verskuldig is.

WIT-SWART KONFRONTASIE?

Moet u nie laat ontmoedig of indoktrineer asof geloftedag 'n konfrontasie tussen wit en swart ontketen nie. Of dat dit die simbool geword het van „Blanke baas-skap” oor swart „minderwaardigheid”. Dit is nie.

Die finale oorwinning oor Dingaan en sy impi's is juis behaal deur wit en swart! Die slag van

Bloedrivier het Dingaan 'n gevoelige hou toegedien, maar hom geensins uit aksie gestel nie, want hy het hom daarna agter die Entojani-berge gaan vestig en steeds oor 'n gedugte leër beskik. Die Voortrekkers was dus verplig om die slag van Bloedrivier op te volg, maar hulle aanslag het op die 27e Desember misluk, toe Dingaan hulle in 'n hinderlaag gelei het. In 1840 is 'n tweede aanslag geloods, maar hierdie keer met behulp van 7 000 Zoeloes onder aanvoering van Mpanda, 'n halfbroer van Dingaan. Oorvloedige reëns het die 400 Boere met hulle 60 waens immobiel gemaak en gevolglik is die stryd aan Mpanda oorgelaat wat Dingaan gedood het en sy impi's verstrooi het.

Die eer vir die vernietiging van die verraderlike tiran Dingaan kom dus nie die Voortrekkers toe nie, maar Mpanda. Geloftedag self was slegs 'n wonderbaarlike verlossing uit die hand van Dingaan. Dit was nie 'n finale oorwinning oor Dingaan nie. Dit gaan dus nie hier oor blanke vernuf en triomf nie, maar daaroor dat 'n volk in sy nood en angs alleen op God kon vertrou. 16 Desember moet ons dus nie tot trots en selfverheerliking bring nie, maar juis tot waaragtige nederigheid en dankbaarheid voor onse God uit Wie en deur Wie en tot Wie alle dinge is.

Fanus Heystek (Daspoort)

KERSFEES — GOD SE WONDERWERK

VANDAG wil ek met jou praat oor die grootste wonderwerk wat nog ooit op hierdie aarde plaasgevind het. Dit is die wonderwerk van Kersfees.

Het jy al diep nagedink oor wat die wonderwerk van Kersfees regtig is? Lê die wonderwerk van Kersfees daarin dat mense aan mekaar vriendelikheid en lojaliteit bewys?

Of lê die wonder van Kersfees in die opgewekte kinderlag as verrassingsgeskenkpakkies vroeg op Kersoggend oopgeskeur word?

Lê die wonder van Kersfees daarin dat diep in ons almal se harte ons vir één dag in die jaar een kan wees in ons verlange na vrede op hierdie moeë aarde?

Sal ons dalk iets van die Kersfeeswonder vasgevang vind in een maal per jaar se oordadige koop en eet?

Helaas ... die wonder van Kersfees lê nie in hierdie dinge nie. As jy die wonder van Kersfees wil raaksien moet jy gaan kyk van onder na bo, van hierdie aarde tot agter die sterrevelde... binne in God se hart in. Juis daar het die wonder van Kersfees plaasgevind — in God se hart.

Jy onthou dat jy en ek saam met Adam die dood verkies het daar in die paradys. Saam het ons die donkerheid meer liefgehad as die lig. Ons het die paradys weggegooi. Ons het ons rug op God gedraai. Ons het ons Vader diep in sy hart verwond. En tog — juis in daardie verwonde hart is die Kersfeeswonder gebore. God het besluit: Ek sal hierdie kind van My nie verstoot nie. Ek sal hom nie in die ewige nag laat ingaan nie. Ek sal 'n wonder beskik. Die wonder van Kersfees. Ek sal die beste wat ek het na hierdie aarde stuur — My enigste Seun.

Hy sal met sy lewe betaal.

Sê my, het jy 'n groot seun? Is hy dalk al op hoërskool? Of is hy dalk in die oorlog? Het jy jou al ooit ingedink hoe dit moet wees om jou seun af te staan?

Om hom uit liefde te gee vir sy land? Vrywillig sal nie een van ons dit wil doen nie. God het. Dit is die wonder van Kersfees. God se liefde vir ons word die wonder van Kersfees.

In daardie Kersnag eeue gelede lê God sy Vaderhart vir jou neer in die krip van Bethlehem. Die stal van Bethlehem word die deur waardeur God hierdie wêreld binnestap. Die hemel skeur! God kom as Kind na hierdie aarde. Hy word gedra in die moederskoot van Maria. Verwek deur die Heilige Gees. Hy kom voer God se besluit van eeue gelede uit. Hy kom maak reg wat ek en jy in die paradys stukkend gebreek het.

Jy sê dat jy 'n nugter mens is?

Jy glo nie in wonders nie?

Allermens die geboortewonder van Kersfees?

Jy as denkende mens soek die bewys van die Kersfeeswonder?

Jy en ek is die bewys!

Dit is alleenlik 'n wonder van God — 'n Kersfeeswonder — wat ons uit die diepte kon optrek na die lig. Dit is alleenlik 'n geboorte — so 'n wondergeboorte — wat óns geboorte in sonde en ellende weer kon regmaak.

Begryp jy — met Christus se geboorte begin God by die wortel van ons ellende, by ons geboorte.

Ek wil jou vra om na te dink oor hierdie Kersfeeswonder. God vra van jou en my 'n antwoord op hierdie grootste wonderwerk van alle tye.

God het met ons sy groot woord gepraat in die Vleesgeworde Woord Jesus Christus. God het met ons gepraat op Kersdag in Bethlehem.

Jou antwoord?

Hierdie Kersfees?

Of dalk nooit. . ?

— Cassie Venter

NOG 'N JAAR GETALM

OOK HET ONS GETALM

1978 is verby. Dit was 'n propvol jaar. Baie dinge het gebeur. Dink 'n bietjie na: Daarbuite Rhodesië, S.W.A., Israel — Egipte .. . Dink ook terug aan jou eie lewe: Elke dag se werk toe, skool toe, lees, praat, kom en gaan, dink en doen ... die lewe was vol. Vol gebeure, vol beslissings, vol van God se genade .. .

As ons 1978 eerlik en ernstig in ons gees terugroep, sal ons ook onthou: by alles wat ons gedoen het, het ons ook dit gedoen — ons het getalm. Ons het belangrike dinge uitgestel, soms afgestel of op die langebaan geskuiwe. Dit is sake waar ons nie kans gesien het om die bul by die horings te pak nie. Ons het nog 'n jaar geslenter en gedraai!

Ja, ons skrik as ons dit alles nou weer helder sien en onthou. Ons word erg ongemaklik. 'n Onrustigheid gryp ons aan. Ons gewete getuig ongenadiglik hard:

Jy het misluk met jou uitstel en getalm. Jy het gefaal in jouself en jou opdrag!

KINDERS VAN OU TALM-LOT

Ons lees in die Bybel (Gen. 19, veral vs. 16) van die vader van die talmgees in ons. Lot is sy naam.

Hy het oor die ernstigste dinge getalm en gedraai. Kyk hierna:

- Die stem van God in hom — sy gewete as jy wil — het hom gedryf om weg te trek uit sy goddelose woonplek, Sodom en Gomorra. Tog, hy het bly talm.
- Hy was nie gelukkig in hierdie duiwelse dorpe nie. Het hier ook geen toekoms vir sy kinders gesien nie. Tog het hy getalm.
- Die homofilisme, seksuitspattighede, naakte heidendom was vir hom 'n daaglikse pyniging. Tog het hy bly talm.
- Hy was 'n rykman. Oral en enige plek koni hy koop en nuut begin. Maar hy het getalm.

Die **einde van die gesloer was vreeslik**. Hy het al sy besittings verloor. Sy vrou het 'n soutpilaar geword — 'n natuurlike deel van die omgewing waar haar hart aan verpand was. Sy dogters het bloedskande bedryf. Heidense volke het uit hulle ontstaan. Die God van hul pá was nie meer hulle God nie. Die getalm het dit te laat, laat word! Lot se lewe het misluk. Dit kon so mooi gewees het.

Ons is kinders van ou talm-Lot.

Kyk vanjaar het ons ook getalm om:

- te breek met die verkeerde verhouding en vriendskap;
- my te bekeer tot die God van alle lewe;
- ons het getalm om sterk gedissiplineerd op te tree teenoor myself, my gesin ...;
- ons huisgodsdienst bestaan nog nie; die Bybel bly toe; die binnekamer-gebed is vermy;
- die bedrog, oneerlikheid, hardheid... bly steeds.

Ja, weet jy, óns, die kinders van talm-Lot het groter talmers as hy geword! Sal ons uiteindelijke smart ook groter wees?

GOD STUUR ENGELE TOT HULP

Na Lot het die God van hemel en aarde engele gestuur. Boodskappers. Hy laat ons nie los nie. Stry vir ons en met ons. Hemelse wesens word gestuur om talm-Lot tot aksie te beweeg. So word Lot en sy twee dogters nog betyds gered voordat God se vuur en swawel die goddelose stede verteer.

God het ook gedurende 1978 engele, boodskappers na ons gestuur. Vanuit die hemel het God ons gestoot, aangepor, geroep tot die daad. Onthou jy:

- Die besoek van die ouderling; die predikant.
- Die appelerende preek oor die TV, die radio.
- Onthou jy nog Piet se begrafnisdiens? Dit het aan jou geruk!

- Onthou jy die eerste woorde nadat jy die motorongeluk oorleef het?
- Onthou jy die stem van die vreemdeling, jou werksmaat, die koerantberig. Dit was God se boodskappers.

Daar is redding vir jou as jy nie bly talm nie.

'n Nuwe jaar kom en gaan.

Dit is 'n goeie geleentheid om nuut met God en jousef en jou medemens te begin. God, wat niemand verwyf nie (Jak. 1), gee 'n oop, ruim, nuwe jaar voor jou.

Staan op en doen soos jy moet!

Red jousef en jou huis! God sal jou die krag gee en jou laat oorwin!

— Klasie Heystek

NUWEJAAR — GOD SE NUWE BEGIN

DAAR kom sekere ingrypende tye en gebeurtenisse in elkeen van ons se lewens.

Natuurlik is jou geboortedag en die herdenking daarvan van ingrypende betekenis. Toe het God immers aan ons getoon: Dit is My wil dat jy sal lewe en solank sal lewe as wat dit My behaag.

Toe jy gedoop is het God aan jou ouers — en dus aan jou — die belofte gegee: Ek wil vir jou 'n God wees.

Toe jy belydenis van jou geloof afgelê het, het jy bely: Ja, Here, ek aanvaar al U beloftes aan my.

Die dag toe jy en jou vrou saam voor die preekstoel gestaan het, was van ingrypende betekenis in jou lewe. Onthou jy hoe julle met 'n hart vol liefde vir mekaar daardie woorde julle eie wou maak: Dat God ons met sy hand na mekaar gelei het. Julle was vir mekaar bedoel.

En agtien maande later toe jou eersteling gedoop is, het jy weer die wonder van God se liefde ervaar. Toe jy die druppels water op jou kind se voorhoof aanskou het, kon jy ook dink: Só moes dit by my doop gewees het.

Nou het twaalf jaar verloop . . .

Jy het elke jaar verjaar — en kon dit nie sien as telkens 'n nuwe tyd wat God gee nie.

Jy het nog steeds dieselfde vrou, maar beleef dit nie meer so dat God haar na jou toe gelei het nie.

Jy het nou drie slim kinders, maar kan hulle nie meer sien as 'n gawe van God aan julle nie.

Die herinnering aan die dag toe jy belydenis van geloof afgelê het, verdof vinnig.

Jy ry nog by die kerk verby waar julle lidmate was, maar dit laat jou koud. Buitendien beleef jy die dominee as afsydig en hooghartig. Daarom het julle die kerk bedank.

Die toestand het nou so geword dat jou godsdienst vir jou iets soos 'n koue wintersoggend geword het, iets veraf waarby jy nie betrokke is nie.

Hoe dink jy waar lê die fout?

Dink jy dat God jou stief behandel het?

Dink jy hier in jou end-van-die-jaar mymeringe dat die lewe hard is en dat jy self hard geword het?

Sien jy daarteen op om die nuwejaar só te begin?

Laat ek maar die geheim aan jou meedeel.

Deur die jare heen het God nie verander nie — is dit nie dalk ek en jy met ons besige lewens wat verander het nie?

God se liefde en trou het nog nooit verander nie. Dit het nog altyd dieselfde gebly.

En nou was daar deur die jare heen so baie genade en uitstel oor elkeen van ons se lewens. God is 'n God wat sy oordeel uitstel.

Die Bybel sê aan ons dat God sy oordeel oor Nineve uitgestel het toe Jona gepreek het en die koning en sy mense hulle bekeer het.

Die Bybel leer dat God 'n jaar uitstel gegee het aan 'n onvrugbare boom.

Daar is uitstel by God.

Maar elke Nuwejaar bring ook die boodskap:

God se uitstel word al korter.

Daar is uitstel — maar met 'n begrensing.

Daar is uitstel — maar nie vir altyd nie. Dalk nog net vir hierdie jaar.

God begin elke Nuwejaar opnuut met ons.

Elke jaar is 'n jaar vól genade.

Maar as God se genade en liefde misken en vertrap word, dan stap Hy uit.

Elke Nuwejaar is God se nuwe begin met ons.

Dit word vinnig Nuwejaar

— Cassie Venter

EK VOED MY KIND OP SOOS EK WIL

'N VERWYLT

HY was 'n jong seun. 'n Mooi seun. Net, hy was in die tronk.

Sy verwyt het iets in my geskeur: „Dominee, ek sit hier omdat my ouers my nie reg opgevoed het nie!”

Ek hoor weer die vyandige, opstandige woorde van 'n vader en moeder net 'n paar dae gelede: „Ek sal my kind opvoed soos ek wil”.

Is dit ook u woorde?

OUERS, LUISTER TOG!

Luister tog vir 'n paar oomblikke na die woorde van die HERE:

„Vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die HERE (Ef. 6:4).

Dit is 'n opdrag wat geen mens kan vryspring nie. 'n Opdrag waarvan elke ouer aan die HERE verantwoording sal moet doen.

Die HERE plaas op elke ouer en kind sware verpligtinge. Op die ouers: om die kind op te voed in die vrese van die HERE.

Op die kind: Om sy ouers gehoorsaam te wees in die HERE.

In die HERE. Ouer en kind behoort aan die HERE. Van Hom ontvang beide hul opdragte, hul seën en hul tugtiging.

OUERS, GOD PRAAT MET U!

U vra: Kan God so 'n plig op my as ouer lê?

Die HERE antwoord: Die kind behoort aan My. Ek het die kind aan jou gegee sodat die menslike geslag gebou kan word, maar ook My kerk en My koninkryk.

Ouers, om net kos en klere aan u kinders te gee en om hulle verder op te voed soos u wil, is sonde voor die HERE.

U moet u kinders opvoed in die HERE. Dit is hulle geestelike voeding en versorging.

U vra: Waaruit bestaan dit om die kind in die HERE op te voed?

Die HERE antwoord: Voed hulle op in die tug en vermaning van die HERE.

Ware opvoeding is opvoeding in die Woord van God. Die Woord van God is die lig op ons pad. Die lamp vir ons voet. Daar vind ons die Brood van die lewe en die Water van die lewe (Joh. 6:35). Daar vind ons die lewe self. „Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus wat u gestuur het” (Joh. 17:3).

Ouers, leer u kinders van jongsaf die ewige beginsels van Gods Woord. Bid nie net vir hulle nie, maar ook saam met hulle. Laat u lewe vir hulle 'n voorbeeld wees van eerlikheid en opregtheid. Van trou en liefde teenoor God.

OUERS, WEES GEWAARSKU!

Laat Eli en sy seuns vir u 'n waarskuwing wees.

Eli het sy seuns nie opgevoed in die tug en vermaning van die HERE nie.

Op hulle goddelose daede (1 Sam. 2:12—22) het hy hulle slegs sag berispe: „Dit moenie so wees nie, my seuns (1 Sam. 2:24). Daar was geen strenge bestraffing en tugtiging in die HERE nie (1 Sam. 2:12). Daarom was hulle deugniete en het hulle die HERE nie erken nie (1 Sam. 2:12).

Die oordeel van God het hulle getref sodat hulle gesterwe het (1 Sam. 4:11).

Eli het so groot geskrik dat hy van sy stoel afgeval en sy nek gebreek het (1 Sam. 4:11).

Geen ouer sal graag wil hê dat die oordeel van God sy kind moet tref nie.

Tog, wie eiesinnig en eiewillig sy kinders opvoed sal die gevolge daarvan nie vryspring nie.

Niks is daar wat 'n ouer so diep en so seer tref as juis dit wat met sy kind gebeur nie.

OUERS. GEE AG!

Ouers, luister tog en gee ag op die diepe ontferming en liefde wat daar by Jesus Christus **vir u kind** is:

Laat jul kinders tot my nader en geen hindernis hul weer, want die Koninkryk der heemle is hul erfdeel, sê die Heer.

— Ben van der Walt